ROMEINE 10

ONS LEWE HEILIG OMDAT, *NIE SODAT*, GOD ONS LIEFHET.

1. Wat in die boodskap het vír jou uitgestaan? Wat het jy geleer wat jou dalk kan help?
2. Waarvoor het jy al baie hard gewerk in jou lewe? Het jy dalk lank gespaar om iets kosbaar te koop? Het jy dalk hard gewerk om beter punte te kry of om 'n span te haal?
3. Het jy al iets verniet gekry?
4. Hoe verskil jou gevoel oor die goed wat jy verdien het en dit wat jy verniet gekry het?
5. Het jy al iets verniet gekry wat jy nooit self kon betaal/behaal nie? Hoe het dit gevoel?
6. Lees saam Romeine 10:9-13. Wat leer hierdie verse ons oor God se genade? Wat leer hierdie verse ons oor geloof?
7. Mense wat glo in Jesus Christus as hulle verlosser lewe nie met skuldgevoelens nie maar met dankbaarheid en vryheid. Hoe behoort 'n Christen homself/haarself te gedra?
8. Op watter maniere kan jy vir die wêreld wys dat jy in 'n God glo wat jou sondes vergewe het?